# My Sarie Marais

My Sarie Marais is so ver van my hart,
Maar'k hoop om haar weer te sien.
Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon,
Nog voor die oorlog het begin.

**Refrein :** **O bring my t'rug na die ou Transvaal,**
**Daar waar my Sarie woon.**
**Daar onder in die mielies**
**By die groen doringboom,**
**Daar woon my Sarie Marais.**

Ek was so bang dat die Kakies my sou vang
En ver oor die see wegstuur;
Toe vlug ek na die kant van die Upington se sand
Daar onder langs die Grootrivier.

**Refrein :**

Die Kakies 's mos net soos 'n krokodillepes,
Hulle sleep jou altyd water toe;
Hul gooi jou op n skip vir 'n lange, lange trip,
Die josie weet waarnatoe.

**Refrein :**

Verlossing het bekom en die huistoe gaan was daar,
T'rug na die ou Transvaal;
My liewelingspersoon sal seker daar ook wees
Om my met 'n kus te beloon.

**Refrein :**